

KOERSVAS

Uitgawe 5 Jaargang 1 7 Desember 2012



In hierdie uitgawe

Redaksioneel

Geloofsbond - herinnering

Redaksioneel

Aan die einde van 'n moeilike jaar sien ons almal uit na rus en dalk 'n aangename wegbreek. Dit is tyd om te rus en kragte op te bou vir die uitdagings wat 'n nuwe kalenderjaar inhou. Ons gaan ook probeer om weer meer tyd aan ons vriende en familie te bestee. Vir sommige het die afwen na die einde van die jaar toe, 'n ongemaklike wending geneem. Daar is sH predikante wat nou reeds kennis ontvang het dat hulle die derde week van Januarie voor die moderamen van die KomAKV moet verskyn. Hierdie kennisgewing kon vroeg in die nuwe jaar eers uitgestuur word, maar is weens duistere redes nou reeds uitgevaardig. Ons sou eindeloos kon spekuleer oor die motiewe agter die tydsberekening van die oproep, maar dit is nie waar die angel van die optrede skuil nie.

Die redes vir die oproep is baie meer sinister. Sekere vrae na redes en motiverings hiervoor kom onwillekeurig in die kollig. Het die KomAKV tydens hulle laaste vergadering op hierdie optrede besluit? Is hierdie oproepe gedoen na aanleiding van die heksejagvrae wat aan 'n groep sH predikante gestel is? Waarom moet alle sH predikante voor stok gekry word? Die blatante minagting van die hof wat blyk uit die feit dat ds Jaap

Steenkamp een van die is wat opgeroep is, is verstommend. Aan die een kant kla die KomAKV by lidmate dat hulle hande afgekap is en dat hulle nie disiplinêr kan optree nie aangesien die sH na die wêreldse hof gegaan het.

Net weer ter opklaring van bogenoemde: Ds Steenkamp was opgeroep vir 'n broederlike gesprek n.a.v. 'n beswaarskrif ingedien deur die Ringskommissie van Potchefstroom. Die gesprek met die KomAKV en die Ringskommissie het op 'n dooie punt afgeloop. Ds Steenkamp het daar uitgestap en onmiddellik vergaderings begin belê om die sake wat in die gesprek genoem is, aan te spreek. Die Ringskommissie het **ten spyte van sy pogings om sake na hulle sin reg te stel**, besluit om 'n klagskrif teen hom in te dien. Sy versoeke om uitstel van die verhoor (dit was basaartyd in Wilge gemeente) het op ongevoelig-dowe ore geval. Dit was ons oortuiging dat hier tekens van viktimisasie was. Die dringende hofaansoek is gebring en adjunk regter-president van der Merwe het die twee partye se regsverteenvoerders ingeroep. Die partye het toe tot 'n dwingende ooreenkoms gekom wat dieselfde gesag dra as 'n hofbevel. Dit is hierdie ooreenkoms wat maak dat sake

rakende 54/69 vir eers uitgestel word, todat die hof kan beslis in die Steenkamp saak. Hierdie situasie word nou egter misbruik.

Sodra 'n lidmaat byvoorbeeld vra waarom daar nie teen die vrysinnigheid opgetree word nie, word die sH se sogenaamde "optrede" die blaam gegee. Dit terwyl die hofaansoek en die ooreenkoms waartoe beide partye toegestem het, slegs beperk word tot optrede rakende 54/69. Dit wil lyk asof die hofverskoning bloot 'n rookskerm is om sekere mense te beskerm. Aan die ander kant word ds Steenkamp opgeroep teen die agtergrond van 'n dwingende ooreenkoms. Het dit dalk iets te make met die feit dat 'n betroubare bron onomwonde gestel het dat die KomAKV R 1 000 000 opsy gesit het vir hofsake? Dink die KomAKV en andere daarom dat hulle kan bekostig om so arrogant op te tree. Selfs al het jy dubbel daardie bedrag in jou kleingeld, is dit beter om die howe en regspraak met die nodige respek te hanteer.

Waarom word daar beswaarskrifte en klagskrifte ingedien teen diegene wat standpunt inneem teen 54/69? Dit terwyl die bestuur van die Predikantevergadering is opgeroep is waarna hulle verskoning gevra het. Nie verskoning gevra het dat hulle 'n loopnagmaal en stildiens gehou het nie, maar dat hulle sekere mense daarmee **ontstel** het. Sal sH predikante daarmee wegkom indien hulle verskoning vra dat hulle optrede mense ontstel het? Sal so 'n verskoning vanaf sH ook die saak bylê en vrede bewerkstellig?
1. Uit wie se sakke gaan die geld kom?
2. By watter AKV het die kommissie hierdie mandaat gekry?
3. Watter Raad van Finansies goedgekeurde begroting reflekteer hierdie uitgawe?

Net tyd sal hierdie vrae se antwoorde laat uitkristalliseer. In die tussentyd, rus goed uit en mag u 'n geseënde Christusfees belewe. In die nuwe jaar sal ons met hernude ywer voortgaan. Die volgende uitgawe van Koersvas sal DV vroeg in Januarie verskyn.

Psalm 3:5 As ek gaan lê, slaap ek goed; ek word ook weer wakker, want die Here sorg vir my. Psalm 4:8 Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want, Here, U alleen laat my veilig woon.

Geloofsbond - herinnering

Hierdie uitnodiging soos verwoord in die Koersvas 4, word herhaal:

Daar heers groot opgewondenheid oor die eerste geloofsbond vergadering wat vir 26 Januarie 2013 beplan word. Daar word beplan om wyd te konsulteer en soveel insette moontlik te kry tydens hierdie gekiedkundige byeenkoms. Gemeentes word daarom te versoek om seker te maak dat daar volgens versoek afgevaardigdes na die vergadering gestuur word. Ons versoek dat elke gemeente die volgende persone sal stuur: Twee ouderlinge, 'n Diaken, die Finkom afgevaardigde met mandaat, Kategese hoof, Jeugleier, Dame namens die susters, Administratiewe beampte en natuurlik die predikant en emeriti. Indien daar regsgeleerdes in u gemeente is, sal ons baie bly wees indien 'n paar van hulle ook teenwoordig kan wees om ons Kerkorde te timmer sodat dit meer in lyn met landswette is.

Die agenda sal vroeg in die nuwe jaar aan almal uitgestuur word en almal word uitgenooi om sake wat u van belang ag, aan te bied as sake wat op die agenda geplaas moet word.

Wederom tot volgende jaar.